VOLKSBLAD
02 Nov 2005
Page : 9 #

Leerlinge huiwerig vir wiskunde op hoër graad

■ ALET RADEMEYER

PRETORIA. – Hoewel meer leerlinge in 2003 wiskunde as matriekvak geneem het as in 1990, was daar in dieselfde tyd 'n drastiese afname in diegene wat dit op hoër graad geneem het.

Dit is die bevindings van dr. Vijay Reddy, direkteur by die RGN, wat vandeesweek in die boek *South Africa 2005 - 2006: State of the Nation* gepubliseer is.

Volgens Reddy het deelname aan wiskunde in voormalige wit en bruin skole dieselfde gebly, in voormalige Indiër-skole afgeneem, en van 24% tot 57% gestyg in swart skole.

Deelname aan wiskunde op hoër graad het egter afgeneem van 65% tot 8% in swart skole, 60% tot 36% in voormalige wit skole, 74% tot 30% in Indiër-skole en 38% tot 3% in bruin skole.

Volgens Reddy is 'n kommerwekkende neiging skole wat wiskunde net op standaardgraad aanbied.

Oor wat in die volgende tien jaar rondom die krisis in wiskunde en wetenskap gedoen moet word, meen Reddy beleid vir dié onderrig is voldoende, maar die toepassing van die beleid het nie volgens aanvanklike bedoelings verloop nie. Die uitdaging is om menslike hulpbronne te ontwikkel om die onderwysstelsel te bestuur.

Sy meen in die lig van onderwysertekorte en -gehalte moet leermateriaal van hoë gehalte soos handboeke oorweeg word. Daar moet ook meer in swart skole belê word wat die potensiaal toon om suksesvol te wees.

Navorsing het bevind dat voormalige wit en Indiër-skole die beter presteerders is wat daarop dui dat die gaping in prestasie in die verskillende skole nie verander nie.